NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

03 Maart 2023: Nr 08/2023

Warmnuus

ASM vergader

Die Algemene Sinode se Moderamen bestaan uit vyf afgevaardigdes van elkeen van die tien streeksinodes en het die afgelope week in Benoni vergader. Talle sake was op die tafel, onder andere die 2019 besluit oor selfdegeslagverbintenisse. Kerkbode se redakteur, Le Roux Schoeman skryf hieroor: “Alle gesprekke help die ASM “om tot groter helderheid oor die betekenis en implikasies van die 2019-besluit te kom”. **Kliek hier** om die volle berig wat op 28 Februarie in Kerkbode verskyn het, te lees.

Sinodale Diensraad (SDR)

Die eerste vergadering van die SDR vir die termyn 2022-2026 vind op Woensdag 8 Maart 2023 in die Harmoniesaal by die Sinodehuis plaas. Die ringe kry om die beurt geleentheid om die vergadering te open. By die eerste vergadering open die Ring van Rustenburg omdat die oudste gemeente in die sinode, Rustenburg, deel is van die ring. Die gemeente is in 1850 gestig en dus vanjaar honderd-drie-en-sewentig jaar oud.

Sinodenuus

Tekslees met ‘n verskil

Dinsdag 07 Maart 11:00 - **Rom 5:1-11**
Zoom: https://us02web.zoom.us/j/82442274463?pwd=Uyt2VlZ0akNybHljMEQwMHE2dloxUT09
Meeting ID: 921 9767 1478 / Passcode: 453371
Find your local number: https://us06web.zoom.us/u/kKkbMHoMU
Kontak: *Kobus Myburgh* [083 415 1452] vir meer inligting.

2023 Jaarboek

’n Laaste kans om die Jaarboek te bestel
Beperkte voorraad beskikbaar! Geen prysverhoging. **Koop hier | Meer inligting.**

Kollega- en ander personeelnuus

Beroepe

Waterberg het vir **Trix Truter** (emeritus) as brugleraar beroep, met intreedatum *16 April*.

Pietersburg-Noord het vir **Freddie Prozesky** van die gemeente Malopo beroep.

❖ Afskeid

Kobus Small **(Petronella)** het vroeër reeds geëmeriteer. Hy was steeds in 'n kontrakpos by die gemeente betrokke. Hy en Petro gaan na veertig jaar in die gemeente nou uitspan en hy lewer sy afskeidspreek op *5 Maart* om 09:00.
Kliek hier om *Gerrie Strydom*, voorsitter van die Ring van Pretoria-Noord se lewensskets van Kobus te lees.

❖ Verjaarsdagwense

07/03 Deon Haumann [Emeritus]
Dewald Roux [Vorentoe]
09/03 Jacques Myburgh [Nooroos-Pretoria]
Charlotte Sibanyoni [Universiteitsoord]

08/03 Christna le Roux [Eggenote van Koos, emeritus]
11/03 Rina Moolman [Eggenote van Petrus, emeritus]

Gemeentenuus

❖ Universiteitsoord

Konsertreeks

Vrydagaand *3 Maart* (19:00) verwelkom hulle die orrelis, *Minne Veldman*, al die pad van Nederland af vir 'n spesiale konsert. **Toegang**: Donasie.

Woensdagaand *15 Maart* (18:30 vir 09:00) kry konsertgangers die geleentheid om *Kruis van Liefde, 'n Paas-oratorium in Afrikaans* vir die eerste keer te ervaar. Die *Vox Chamber Choir* onder leiding van Franco Prinsloo tree tydens die geleentheid op. **Toegang**: Daar is slegs een vertoning. Kaartjies kos R150 per persoon en is aanlyn by **Tixsa** beskikbaar. **Kliek hier** vir die volledige program.

Eerstejaarskamp

Maretha Minnaar skryf: *"Universiteitsoord is dankbaar vir 'n suksesvolle Eerstejaarskamp 2023. Daar was twee kampe aan die begin van Februarie – een vir koshuisstudente en een vir dagstudente - en vir die eerste keer het 'n hele klompie studente van ander tersiêre instansies ook saam met die dagstudente gekamp. 650 studente van oraloor kan nou bevestig, dit is "Die Kamp van jou Lewe!". Ons sien uit na nog baie uitreike, aksies, en pret in 2023, maar ook om 'n lang en sinvolle geestelike pad te loop saam met hierdie groep eerstejaars."*

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: **Kliek hier.** **Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Lentekonferensie *19-21 September 2023.* **VBO-punte** 30**.**

Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling

Nuut in die bediening

Gerig op **predikante in die vroeë fase van hulle bediening**: **Kliek hier** vir skrywe.
Tema: *Wat maak ons met die erediens?*
Datums: *7-9 Maart* (8:30-16:30)**;**
Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/AQNkhtzqmqfysfnBA. **VBO-punte** 30.

Kreatiewe Werkswinkels: Viering van die Kerklike jaar

Die jaar van God se genade (*Aanlynaanbieding*) – **Kliek hier** vir die skrywe.
Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van: *Paasfees; Die Sondae in Paastyd; Hemelvaart; Pinkster.*
Datum: *15 & 16 Maart*
Inskrywings: Kliek op die skakel: https://forms.gle/ZyXdswYPkLgMYcAA6 (**Sluitingsdatum**: *13 Maart*) **VBO-punte** 20

Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing

Dink nuut oor jou bediening

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**. **Kliek hier** vir skrywe.
Die modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *9-11 Mei* **- *Hoe lees ons die Bybel?*** Inligting volg binnekort.
- *4-26 Okt.* **- *Wie is God?*** Inligting volg binnekort.

Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/3XvnAgKnjgeMEw126 . **VBO-punte** 270.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode

Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Montana

*** Finansiële beampte: Kliek hier** vir inligting oor die pos.
*** Orrelis: Kliek hier** vir inligting oor die pos.
Navrae 012-534 3377 / admin@ngmontana.co.za. **Sluitingsdatum:** *13 Maart*.

❖ Kerkbode-nuus

Kerkbode-redakteur Le Roux Schoeman het die vergadering van die ASM (Algemene Sinode Moderamen) bygewoon en berig soos volg oor die eerste dag: "*Tussen 'n hoogs teoretiese gesprek oor metafisika en 'n hoogs praktiese gesprek oor hoe om ernstige institusionele harsingskudding te vermy, wanneer die algemene sekretaris asook die algemene bestuurder van die NG Kerk na jare se diens volgende jaar vier maande uitmekaar aftree, het daar vandeesweek onder kerkleiers 'n merkwaardige uurlange gesprek oor anti-rassisme plaasgevind*." **Kliek hier** om meer te lees.

❖ CLF

Die personeel berig soos volg*: "Dit is met groot spyt dat ons julle meedeel dat CLF besluit het om sy Boekwinkeldeure in Hatfield op 28 Februarie 2023 te sluit. CLF se Bloemfontein, Kimberley en Newton Park Boekwinkels sal voortgaan met hul bedrywighede."*

Pinksterreeks 2023

Kliek hier *om* beide die *Afrikaanse en Engelse Pinksterreekse* af te laai. Tema: "**Hoop in Handelinge**".
Oorsig: *Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritus leraar van Bloemfontein.*

Nuusbrief

Kliek hier om die volledige nuusbrief vir Februarie te lees.

❖ **TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)**

Kliek hier om die Januarie-Nuusbrief aanlyn te lees.

Naskrif